

21 September

Skrifgedeelte: Romeine 3:21-31

Fokusgedeelte: Romeine 3:28

Die goeie nuus: Vrypraak

Beter nuus is daar nie en sal daar nooit wees nie! God se kind mag hoor: verlos en nie verlore nie. Dit is ongelooflike goeie nuus en in werklikheid 'n reuseverrassing. In die sondenood én dood van die mens (3:9–20) is die getuienis verdoemend. Die groot Regter kan net een uitspraak lewer, en tog gebeur dit anders. Volkome skuldige sondaars word vrygespreek, met ander woorde, onskuldig verklaar. Dit is 'n keerpunt in jou lewe. God se goeie nuus beteken: Hy spreek vry, ten spyte daarvan dat jy skuldig staan voor sy wet. Natuurlik gebeur dit om Jesus ontwil. Hy het dié ongelooflike verrassing moontlik gemaak (verse 24–26). Jesus het jou sonde oorgeneem en jy het sy geregtigheid ontvang. En dit is alles verniet, gratis, uit genade en nie omdat jy kan sê dat jy met menslike netheid en noukeurigheid God se wet onderhou nie. Jy is vrygespreek, maar sonder dat jy dit verdien. Die goeie nuus met lewensveranderende krag kos jou niks nie. Jesus het betaal en dit het Hom bitter duur gekos – sy lewe. Die Vader het al die sonde van elke mens op sy onskuldige Seun gelaai.

Alles het verander. 'n Wonderlike ruil het plaasgevind. Jesus het jou skuld op Hom geneem en jy ontvang sy onskuld. Jy is volkome vry. Is dit miskien te goed om waar te wees? Wie kan of sal dit glo? Jy, in wie God die genade bewerk om dit te glo. Daarom is die geloof 'n sleuteluitdrukking in die aankondiging van God se goeie nuus. Dit is die saad van kinderlike Godskennis en vertrou. Jy weet dat jy nie deur goeie dae of getrouheid 'n bydrae tot jou redding kan maak nie. Goeie dae regverdig 'n mens nie voor God nie, maar as jy in Jesus Christus glo, word jy regverdig verklaar en as regverdig gereken. Jy kan Hom met jou lewe vertrou en gelowig vertrou dat Hy jou saak met die Vader reggemaak het. Die goeie nuus is: jy is vrygespreek en jy word vasgehou én in sy arms hou jy Hom vas. So word jou lewe 'n daaglikse belewenis van Hom.

Sing: Skrifberyming 27:1

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)